BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG — PUBLISHED BY AUTHORITY

30c — Vrydag 5 September 1980 — WINDHOEK — Friday 5 September 1980 — No. 4259

INHOUD:

*Bladsy*

PROCLAMATION:

No. AG. 53 Bepaling van Datums van Nominasiehof, Verkiesing en Verwante Aangeleenthede van toepassing ten opsigte van die Wetgewende Vergadering van die Blankes 1

CONTENTS:

*Page*

PROKLAMASIE:

No. AG. 53 Determination of Dates of Nomination Court, Election and Related Matters Applicable in Respect of the Legislative Assembly of the Whites 1

# PROKLAMASIE

van die

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

No. AG. 53 — 1980

BEPALING VAN DATUMS VAN NOMINASIEHOF, VERKIESING EN VERWANTE AANGELEENTHEDE VAN TOEPASSING TEN OPSIGTE VAN DIE WETGEWENDE VERGADERING VAN DIE BLANKES

Kragtens die bepalings van artikel 34 van die Kieswet, 1979 (Wet 45 van 1979), gelees met artikel 3 van die Afdelingsverkiesingsproklamasie, 1980 (Proklamasie AG. 46 van 1980) —

(a) word Maandag 29 September 1980, hierby bepaal as die dag waarop 'n nominasiehof in iedere kiesafdeling gemeld in die eerste kolom van die Bylae hierby, sitting sal hou om nominasies van verkiesingskandidate te ontvang vir die verkiesing van 'n lid van die Wetgewende Vergadering van die Blankes;

# PROCLAMATION

by the

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

No. AG. 53 — 1980

DETERMINATION OF DATES OF NOMINATION COURT, ELECTION AND RELATED MATTERS APPLICABLE IN RESPECT OF THE LEGISLATIVE ASSEMBLY OF THE WHITES

Under the provisions of section 34 of the Electoral Act, 1979 (Act 45 of 1979), read with section 3 of the Divisional Elections Proclamation, 1980 (Proclamation AG. 46 of 1980) —

(a) Monday 29 September 1980, is hereby fixed as the day on which a nomination court shall sit in each electoral division mentioned in the first column of the Schedule hereto, to receive nominations of candidates for elections as a member of the Legislative Assembly of the Whites;

(b) word hierby bepaal dat indien 'n stemming nodig word in enigeen van bedoelde kiesafdelings omdat meer as een persoon behoorlik genomineer is ten opsigte van so 'n kiesafdeling by die sluiting van die betrokke nominasiehof, die stemming op 11, 12 en 13 November 1980 gehou sal word vanaf 07h00 tot 19h00 op die betrokke dae, maar dat die voorsittende beampte, op 11 en 12 November 1980, die stemming later as 19h00 kan sluit;

(c) word die persoon wie se naam en amp in die derde kolom van die Bylae hierby verskyn teenoor die naam van 'n kiesafdeling, hierby as kiesbeampte aangestel by die verkiesing in daardie kiesafdeling van 'n lid van die Wetgewende Vergadering van die Blankes.

Hierby word voorts vir algemene inligting bekend gemaak dat voormelde nominasiehof sal dit op die plek in die tweede kolom van voormelde Bylae teenoor die betrokke kiesafdeling aangedui, van tienuur tot elfuur in die voormiddag, ooreenkomstig die bepalings van artikel 41(7) van voormelde Kieswet: Met dien verstande dat as 'n aanwesige persoon op laasbedoelde uur gereed is om 'n kandidaat voor te stel of 'n persoon reeds voorgestel is maar sy nominasie nog nie voltooi is nie, die kiesbeampte die sitting moet voortsit vir 'n tydperk, van nie langer as 'n halfuur nie, wat die kandidaat in staat sal stel om behoorlik genomineer te word.

G. van N. VILJOEN
Administrateur-generaal

Windhoek, 29 Augustus 1980

(b) if a poll becomes necessary in any of the said electoral divisions for the reason that more than one person shall have been duly nominated in respect of such an electoral division at the close of the sitting of the nomination court concerned, 11, 12 and 13 November 1980, are hereby fixed as the days upon which the poll shall be taken from 07h00 to 19h00 on the days concerned, the presiding officer being empowered to close the poll later than 19h00 on 11 and 12 November, 1980;

(c) the person whose name and designation appears in the third column of the Schedule hereto opposite the name of an electoral division, is hereby appointed as returning officer at the election in that electoral division of a member of the Legislative Assembly of the Whites.

It is furthermore hereby made known for general information that the nomination court aforesaid shall sit at the place mentioned in the second column of the said Schedule, opposite the electoral division concerned from ten o'clock till eleven o'clock in the forenoon, in accordance with the provisions of section 41(7) of the Electoral Act aforesaid: Provided that if at such last-mentioned hour any person present is then ready to propose a candidate or a person has been so proposed but his nomination has not been completed, the returning officer shall continue the sitting for such period not exceeding half-an-hour as will enable such candidate to be duly nominated.

G. van N. VILJOEN
Administrator-General

Windhoek 29 August 1980

BYLAE/SCHEDULE

| *Kiesafdeling/ Electoral Division* | *Plek waar Nominasiehof sitting sal hou/ Place where Nomination Court will be held* | *Kiesbeampte/ Returning Officer* |
|---|---|---|
| 1. Erongo | Hofsaal, Landdroskantoor/Court Room, Magistrate's Office, Khorixas | G. Retief Landdros/Magistrate, Khorixas |
| 2. Gobabis | Hofsaal, Landdroskantoor/Court Room, Magistrate's Office, Gobabis | D. F. Small Landdros/Magistrate, Gobabis |
| 3. Grootfontein | Hofsaal, Landdroskantoor/Court Room, Magistrate's Office, Grootfontein | W. Rust Landdros/Magistrate, Grootfontein |
| 4. Keetmanshoop | Skousaal/Show Hall, Keetmanshoop | B. du P. Myburgh Landdros/Magistrate, Bethanien |

| | | |
|---|---|---|
| 5. Khomas-Hochland | Kamer 19, Turnhalle Gebou/Room 19, Turnhalle Building, Windhoek | A. J. Kilian Administratiewe Beampte, Nasionale Vergadering/ Administrative Officer, National Assembly, Windhoek |
| 6. Klein-Windhoek | Kamer 145, Gebou van die Wetgewende Vergadering van die Blankes/Room 145, Building of the Legislative Assembly of the Whites, Windhoek | W. J. Potgieter Klerk van Wetgewende Vergadering van die Blankes/ Clerk of Legislative Assembly of the Whites, Windhoek |
| 7. Lüderitz | Hofsaal, Landdroskantoor/Court Room, Magistrate's Office, Lüderitz | J. A. Greyling Landdros/Magistrate, Lüderitz |
| 8. Mariental | Hofsaal, Landdroskantoor/Court Room, Magistrate's Office, Mariental | F. H. Truter Landdros/Magistrate, Mariental |
| 9. Okahandja | Hofsaal, Landdroskantoor/Court Room, Magistrate's Office, Okahandja | N. J. Hendrikse Landdros/Magistrate, Karibib |
| 10. Otjiwarongo | Hofsaal, Landdroskantoor/Court Room, Magistrate's Office, Otjiwarongo | D.A. van Deventer Landdros/Magistrate, Otjiwarongo |
| 11. Outjo | Hofsaal, Landdroskantoor/Court Room, Magistrate's Office, Outjo | C. A. Carstens Landdros/Magistrate, Outjo |
| 12. Pionierspark | Bainessentrum/Baines Centre, Pionierspark, Windhoek | P. R. Botha Hoofdirekteur, Administrasie van Rehoboth/Chief Director, Administration for Rehoboth, Rehoboth. |
| 13. Swakopmund | Hofsaal, Landdroskantoor/Court Room, Magistrate's Office, Swakopmund | J. H. L. van der Westhuizen Landdros/Magistrate, Swakopmund |
| 14. Tsumeb | Hofsaal, Landdroskantoor/Court Room, Magistrate's Office, Tsumeb | A. H. Coetzer Landdros/Magistrate, Tsumeb |
| 15. Warmbad | Hofsaal, Landdroskantoor/Court Room, Magistrate's Office, Keetmanshoop | J. F. E. Boonzaaier Landdros/Magistrate, Keetmanshoop |
| 16. Windhoek-Oos/ Windhoek East | "B" Hof, Landdroskantoor/"B" Court, Magistrate's Office, Windhoek | J. J. Badenhorst Onder Sekretaris, Departement van Burgersake en Mannekrag/Under Secretary, Department of Civic Affairs and Manpower, Windhoek |

| | | |
|---|---|---|
| 17. Windhoek-Suid/ Windhoek South | Raadsaal, Eerste Verdieping, Unitedhuis Gebou/Conference Room, First Floor, United House Building, Windhoek | A. Cilliers Administratiewe Beampte, Administrasie van die Blankes/ Administrative Officer, Administration of the Whites, Windhoek |
| 18. Windhoek-Wes/ Windhoek West | "Ou" Wetgewende Vergadering Saal, Gebou van die Administrasie van die Blankes/"Old" Legislative Assembly Hall, Building of the Administration of the Whites, Windhoek. | P. S. J. Hartzenberg Onder Sekretaris, Administrasie van die Blankes/ Under Secretary, Administration of the Whites, Windhoek. |